basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

VERBRUIKERSTUDIES

FEBRUARIE/MAART 2012

PUNTE: 200

TYD: 3 uur

Hierdie vraestel bestaan uit 15 bladsye en 'n 2 bladsy-antwoordblad.

Kopiereg voorbehou

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit VYF afdelings.

AFDELING		PUNTE	TYD (MINUTE)
A.	Kortvrae	40	20
B.	Voedsel en Voeding	40	40
C.	Kleding	40	40
D.	Behuising en Sagte Meublement	40	40
E.	Teorie van Produksie en Entrepreneurskap	40	40

2. AL die afdelings is VERPLIGTEND.

3. Beantwoord AFDELING A op die aangehegte ANTWOORDBLAD en plaas dit AGTER in jou ANTWOORDEBOEK.

4. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

5. Begin ELKE vraag op 'n NUWE bladsy.

6. 'n Sakrekenaar mag gebruik word.

7. Skryf slegs met swart of blou ink.

8. Gee aandag aan spelling en sinskonstruksie.

9. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A: KORTVRAE

VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde vir die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en maak 'n kruisie (X) in die blokkie (A–D) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.15) op die aangehegte ANTWOORDBLAD. GEEN punte sal toegeken word as meer as een kruisie (X) vir 'n antwoord verskyn nie.

1.1.1 Kies die tipe brood wat die beste vir 'n persoon met diabetes sal wees:

A Bruinbrood
B Rosyntjiebrood
C Rogbrood
D Witbrood (1)

1.1.2 Kies die ontbyt wat die geskikste sal wees om gereeld te eet om osteoporose en vetsug te voorkom:

A Gebraaide eiers op roosterbrood, 'n glas lemoensap
B Joghurt met muesli, tee met melk
C Hawermoutpap met heuning, koffie met melk
D Cheddarkaas op roosterbrood, swart koffie (2)

1.1.3 'n Keuse van … as die basis van klerekasbeplanning help om die lewensduur van jou modieuse items te verleng.

A warm kleure
B modegiere
C klassieke style
D modebykomstighede (1)

1.1.4 'n Jong volwassene wat vir 'n onderhoud as verkoopassistent gaan, moet …

A aantrek om individualiteit te toon.
B dramatiese klere dra.
C baie helder kleure dra.
D netjies en konserwatief aantrek. (1)

1.1.5 Die rede waarom 'n polisieman 'n uniform dra, is vir …

A fatsoenlikheid.
B higiëne.
C aantreklikheid.
D identifikasie. (1)

1.1.6 Die metode om 'n artikel te koop waar 'n deposito betaal word en die artikel by die verkoper bly totdat dit ten volle betaal is:

A Kredietkaartaankope
B Huurkoop
C Bêrekoop
D Afbetalingsverkoop (1)

1.1.7 'n Persoon kwalifiseer vir 'n staatsbehuisingsubsidie as hy/sy:

1 'n Suid-Afrikaanse burger is
2 Meer as R5 000 verdien
3 Voorheen eiendom besit het
4 Nie 'n werk het nie
5 Voltyds in diens is

A 1 en 5
B 2 en 5
C 3 en 4
D 1 en 4 (2)

1.1.8 'n Huurder is verantwoordelik vir die:

1 Herstel van enige skade wat hy/sy aangerig het
2 Betaal van munisipale belasting
3 Instandhouding van die eiendom
4 Betaal van die elektrisiteitsrekening
5 Betaal van die waterrekening

A 1, 2 en 3
B 1, 2 en 4
C 1, 4 en 5
D 3, 4 en 5 (2)

1.1.9 Maak seker dat die volgende klousules in die kontrak met 'n bouer ingesluit is:

1 Besonderhede van die plan
2 Bouspesifikasies
3 Hereregte/Oordragkoste
4 Datum van voltooiing
5 Jou inligting oor die lening

A 1, 2 en 4
B 1, 2 en 5
C 1, 3 en 4
D 2, 3 en 5 (2)

Kopiereg voorbehou

1.1.10 Wanneer 'n huis gekoop word, is die koopakte die ...

A aanbod wat aan die verkoper gemaak word om die huis te koop.
B regsooreenkoms tussen die koper en verkoper wat die terme en voorwaardes van die verkoop uiteensit.
C registrasie van die oordrag van die verkoper na die koper wat by die aktekantoor gedoen word.
D aksie waar die regering betaal word om die eiendom in die koper se naam oor te dra. (1)

1.1.11 Bestudeer die tabel met die belastingkoerse in terme van die 2011/2012-belastingjaar en beantwoord die vraag wat volg.

BELASBARE INKOMSTE (R)	BELASTINGSKAAL
0–150 000	18% van belasbare inkomste
150 001–235 000	R27 000 + 25% van belasbare inkomste bokant R150 000
235 001–325 000	R48 250 + 30% van belasbare inkomste bokant R235 000
325 001–455 000	R75 250 + 35% van belasbare inkomste bokant R325 000
455 001–580 000	R120 750 + 38% van belasbare inkomste bokant R455 000
580 001 en hoër	R168 250 + 40% van belasbare inkomste bokant R580 000

Sophie verdien jaarliks R180 000. Hoeveel belasting sal sy in die 2011/2012-belastingjaar moet betaal?

A R27 000
B R32 400
C R34 500
D R52 000 (2)

1.1.12 Wat veroorsaak dat 'n paar jeans wat verlede jaar R99,99 gekos het, hierdie jaar R120 kos?

A Rentekoerse
B Inflasie
C Belasting op Toegevoegde Waarde
D Verbruikersprysindeks (1)

1.1.13 Volgens die …, mag jy wetlik verkope wat deur middel van direkte bemarking gedoen is, binne vyf besigheidsdae kanselleer.

A Verbruikersforum
B Nuwe Wet op Verbruikersbeskerming
C Wet op Mededingingskommissie
D Nasionale Kredietregulasies (1)

1.1.14 Goeie finansiële rekordhouding in 'n besigheid sal ...

A meer klante lok wat meer sal koop.
B dien as bewys van die werkers se bywoning.
C help om sakgeld vir vakansies te verhoog.
D verseker dat daar genoeg geld is vir grondstowwe. (1)

1.1.15 In 'n besigheid sal die vervaardiger gelyk breek as die ...

A verkoopprys aan die produksiekoste gelyk is.
B oorhoofse koste minder as die grondstowwe is.
C produksiekoste die koste van arbeid insluit.
D wins minder is as die koste van arbeid. (1)

1.2 Kies die definisie in KOLOM B wat pas by die term in KOLOM A. Maak 'n kruisie (X) in die blokkie (A–I) langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.5) op die aangehegte ANTWOORDBLAD. GEEN punte sal toegeken word as meer as een kruisie (X) by 'n antwoord verskyn nie.

KOLOM A TERM		KOLOM B DEFINISIE
1.2.1	Mode	A 'n individu se interpretasie van wat hy/sy dink mooi en gepas is
1.2.2	Silhoeët	B 'n bemarkingsinstrument om klereverkope te verhoog
1.2.3	Mode-ontwerpers	C klerekonstruksiekenmerke wat een uitrusting van 'n ander onderskei
1.2.4	Modegiere	D kledingstyle wat vinnig gewild raak maar van korte duur is
1.2.5	Klassieke modes	E klere met 'n eenvoudige ontwerp, wat basiese behoeftes bevredig en lank gewild bly
		F ontwerpers wat eksklusiewe style in klein hoeveelhede vir eksklusiewe kliënte ontwerp
		G die rigting waarin 'n mode verander
		H die lyne wat die buitelyne en vorm van die kledingstuk aandui
		I die styl wat op 'n gegewe tydstip deur baie mense aanvaar en gedra word

(5 x 1) (5)

1.3 Identifiseer uit die lys hieronder VYF aspekte wat oorweeg moet word by die beplanning van werkverdeling en tydskedules. Maak 'n kruisie (X) in die blokkie (A–J) langs die vraagnommer (1.3) op die aangehegte ANTWOORDBLAD.

A Bemarkingstrategieë
B Beskikbare toerusting
C Verkooppunt
D Maandelikse huur van werkplek
E Tyd wat nodig is om elke proses te voltooi
F Vaardighede van die werkers
G Eenheidspryse
H Aantal beskikbare werkers
I Beoogde afleweringsdatums
J Opname oor verbruikertevredenheid (5)

1.4 Identifiseer uit die lys hieronder DRIE voedselitems wat van BTW vrygestel is. Maak 'n kruisie (X) in die blokkie (A–G) langs die vraagnommer (1.4) op die aangehegte ANTWOORDBLAD.

A Bruinbrood
B Langlewe-melk
C Olyfolie
D Grondboontjies
E Geblikte sardyne
F Weense worsies
G Witbrood (3)

1.5 Gee EEN term vir elk van die volgende beskrywings. Skryf slegs die term langs die vraagnommer (1.5.1–1.5.7) op die aangehegte ANTWOORDBLAD neer.

1.5.1 Die siekte waar bene swak en bros raak en maklik breek

1.5.2 Die toestand van vrywillige selfverhongering wat uitermatige gewigsverlies tot gevolg het

1.5.3 Die wasagtige wit stof wat are kan laat verstop

1.5.4 Die siekte waar die liggaam nie die bloedglukosevlakke kan beheer nie

1.5.5 'n Stelsel om koolhidrate te klassifiseer volgens die spoed waarmee energie in die liggaam vrygestel word

1.5.6 'n Sielkundige steurnis wat gekenmerk word deur ooreet, gevolg deur braking na die voedsel ingeneem is

1.5.7 Die essensiële vetsuur wat 'n rol speel in die verlaging van bloedcholesterolvlakke (7)

TOTAAL AFDELING A: 40

AFDELING B: VOEDSEL EN VOEDING

VRAAG 2

2.1 Lees die uittreksel hieronder uit die *Suid-Afrikaanse Nasionale Riglyne oor Voeding vir Mense wat met Tering, MIV/Vigs en ander Kroniese Uitmergelende Toestande saamleef*, wat in 2001 deur die Departement van Gesondheid gepubliseer is. Beantwoord die vrae wat volg.

> Geen spesifieke voedsel of nutriënt kan die menslike virus vernietig nie, maar 'n gesonde eetpatroon en leefstyl sal die immuunstelsel versterk. Goeie voeding sal help om infeksies te beveg en sal die ontwikkeling van volwaardige Vigs vertraag. Dit sal die welstand verbeter en die lewensduur verleng. Mense voel ook beter as hulle goed geëet het.

2.1.1 Na watter virus word in die eerste sin verwys? (1)

2.1.2 Verwys na die uittreksel en noem die voordele van 'n gesonde eetpatroon vir mense wat met die virus saamleef. (4)

2.1.3 Kies uit elke groep hieronder EEN voedselsoort wat die immuunstelsel die BESTE sal versterk en gee 'n rede vir elke keuse.

GROEP A	GROEP B	GROEP C
Gouestroop	Appels	Wortels
Konfyt	Koejawels	Komkommer
Grondboontjiebotter	Pere	Blaarslaai

(6)

2.2 Volgens die Wêreldgesondheidsorganisasie, is 'n ystertekort die algemeenste en mees wydverspreide voedingsiekte in die wêreld. Die organisasie sê dat as ystertekort-anemie nie beheer word nie, dit tot swak skolastiese prestasie by skoolkinders en 'n afname in werkproduktiwiteit by volwassenes kan lei.

2.2.1 Verduidelik waarom ystertekort-anemie tot swak skolastiese prestasie by kinders kan lei indien dit NIE beheer word NIE. (3 x 2) (6)

2.2.2 Verduidelik DRIE maniere waarop anemie beheer/bestuur kan word. (3 x 2) (6)

2.3 Die inligting hieronder verskyn op die etikette van 'n verskeidenheid ingemaakte soppe. Bestudeer die inligting in die tabel en beantwoord VRAAG 2.3.1–2.3.4 wat volg.

Naam van Sop	**SOP A**	**SOP B**	**SOP C**
Bestanddele	Romerige Grysneut (38%) Sop: Water, Grysneut, Room (8%), Groente-aftreksel, Uie, Mielieblom, Sonneblomolie (Antioksidant: Tokoferol), Koringmeel, Sout, Suiker, Lemoen-konsentraat, Knoffel, Speserye	Gladde Romerige Grysneut (38%) Sop: Water, Grysneut, Groente-aftreksel, Room (3%), Uie, Mielieblom, Koringmeel, Sonneblomolie (Antioksidant: Tokoferol), Suiker, Sout, Lemoen-konsentraat, Knoffel, Speserye	Beesvleis (5%) en Lensie (25%) Sop: Water, Lensies, Groente-aftreksel, Gemaalde beesvleis, Uie, Sonneblomolie (Antioksidant: Tokoferol), Tamatiepasta, Mielieblom, Knoffel, Sout, Speserye, Swart peper
Tipiese Voedingsinligting			
Gemiddelde waardes	Per 100 g	Per 100 g	Per 100 g
Energie	225 kJ	160 kJ	235 kJ
Proteïene	1,2 g	1,0 g	3,6 g
Koolhidrate waarvan totale suiker	6,0 g 1,6 g	4,8 g 1,2 g	6,2 g 0,0 g
Totale vet	2,5 g	1,4 g	1,2 g
Cholesterol	4 mg	2 mg	3 mg
Totale dieetvesel	0,8 g	1,4 g	3,0 g
Natrium	292 mg	276 mg	457 mg

2.3.1 Identifiseer die bestanddeel wat die MEESTE tot die veselinhoud van Sop C bydra. (1)

2.3.2 (a) Verduidelik wat *laktose-intoleransie* is. (2)

(b) Identifiseer die sop wat die BESTE keuse sal wees om laktose-intoleransie te beheer en gee TWEE redes vir jou keuse. (3)

2.3.3 Verduidelik watter sop die MINSTE geskik sal wees vir 'n persoon wat probeer om hipertensie (hoë bloeddruk) te beheer. (3)

2.3.4 Nadat Sop A en Sop B vergelyk is, verduidelik watter sop die BESTE keuse sal wees vir 'n persoon wat probeer om vetsug te beheer. (8)

TOTAAL AFDELING B: 40

AFDELING C: KLEDING

VRAAG 3

3.1 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

> Noma, Jane en John gaan binnekort by Itileng Maatskappy in die kommunikasie-afdeling begin werk waar hulle elke dag met kliënte interaksie sal hê. Die maatskappy het 'n spesifieke klerekode.

3.1.1 Verduidelik die term *klerekode*. (3)

3.1.2 Gee SES wenke aan die drie nuwe werknemers om deur middel van hulle kleredrag professioneel te lyk. (6)

3.1.3 Verduidelik hoe die feit dat Noma goed geklee is vir werk, haar selfvertroue kan beïnvloed wanneer sy met mense werk. (4)

3.2 Noem die VYF stadia van die modesiklus in die korrekte volgorde. (5)

3.3 Wanneer jy inkopies doen, hoe sal jy weet dat 'n mode-item besig is om minder gewild te word? (3)

3.4 Verduidelik hoe die media modeverandering beïnvloed. (5)

3.5 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

> Sipho is fanaties oor sport en hy koop net Adidas-klere. Sy vriende bewonder hom. Hy was geskok toe sy nuutste T-hemp na die eerste was verbleik het. Party van die vasgestikte strokies het losgekom. Hy was woedend en teleurgesteld met sy aankope. Hy het die winkel ingestorm, die verkoopsman beledig en die T-hemp in die verkoopsman se gesig gesmyt. Die verkoopsman het egter kalm gebly en steeds probeer om hom te help. Alhoewel Sipho nie die kwitansie by hom gehad het nie, het hy sy geld teruggevra. Die winkelbestuurder het sekuriteit gevra om Sipho van die perseel te verwyder. Sipho is daar weg met die dreigement dat hy die winkel aan die Nasionale Verbruikersforum gaan rapporteer.

3.5.1 Adidas is 'n bekende handelsnaam. Met watter eienskappe assosieer jong volwassenes hierdie handelsnaam? (4)

3.5.2 Watter rol speel die Nasionale Verbruikersforum in verbruikers se klagtes? (4)

3.5.3 Gebruik jou kennis oor hoe om te kla en beoordeel Sipho se benadering tot klagtes. Gee VYF redes om jou antwoord te staaf. (6)

TOTAAL AFDELING C: 40

AFDELING D: BEHUISING EN SAGTE MEUBLEMENT

4.1 Star Properties het die eiendom hieronder geadverteer. Bestudeer die advertensie en beantwoord die vrae wat volg.

MEENTHUIS TE KOOP – R590 000,00

Uitstekende geleentheid om in 'n goed bestuurde sekuriteitskompleks met 'n pragtige tuin te belê! Die eiendom is sentraal geleë, naby hoofpaaie en geriewe.

Kenmerke
- Ontvangskamer: 1
- Slaapkamers: 3
- Badkamer: 1
- Binnenshuise afwerking/Kenmerke:
  - *Mure gepleister en geverf*
  - *Volvloermatte*
  - *Teëlvloer*
- Buitenshuise kenmerke:
  - *Houtvensterrame*
  - *Teëldak*
  - *Mure gepleister en geverf*
- Parkering:
  - *Parkeerplek: 1*
- Algemene kenmerke
  - *Braaiplek*
  - *Familiekamer/TV-kamer*

Addisionele besonderhede
- Grootte van beboude area: 111 m²
- Munisipale belasting: R340,00 per maand
- Heffing: R812,00 per maand

Kontakbesonderhede van eiendomsagent
Maggie Basson
Tel: 010 547 3610
Selfoon: 084 788 1335

4.1.1 Klassifiseer die tipe behuising in die advertensie hierbo. (1)

4.1.2 Maggie Basson het die geadverteerde eiendom aan 'n gesin gewys. Verduidelik wat Maggie se rol is nadat die gesin besluit het hulle wil die eiendom koop. (4)

4.1.3 Beantwoord die vrae hieronder oor die koste betrokke by die koop van 'n huis:

(a) Noem die fooie wat die gesin moet betaal om die wettige eienaars van die huis te word. (3)

(b) Hoeveel munisipale belasting sal die gesin elke maand moet betaal? (1)

(c) Aan wie word die munisipale belasting betaal? (1)

4.1.4 Wie moet betaal vir die onderhoud van die kompleks se tuin? (1)

4.1.5 Die gesin moet 'n addisionele R812,00 per maand betaal. Verduidelik waarvoor hierdie geld gebruik word. (4)

4.1.6 Lewer kommentaar oor die finansies in verband met die onderhoud van die binnenshuise kenmerke van die meenthuis. (3 x 2) (6)

4.1.7 By die kompleks is daar houers vir die herwinning van papier, metaal en glas. Noem DRIE algemene voordele van herwinning. (3)

4.2 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

Thando gaan by 'n tersiêre instelling studeer en gaan in 'n woonstel bly. Hy sal sy eie maaltye moet kook maar kan nie 'n stoof met 'n oond bekostig nie. Hy besluit om 'n kookplaat te koop. Twee tipes is in die winkels beskikbaar. Een het twee soliede plate en die ander een het twee spiraalplate.

4.2.1 Vergelyk die twee kookplate wat betref skoonmaak en hoe vinnig dit warm sal word en weer afkoel. Tabuleer jou antwoord soos volg:

	KOOKPLAAT A TWEE SOLIEDE PLATE	**KOOKPLAAT B TWEE SPIRAALPLATE**
Skoonmaak	(1)	(1)
Hoe vinnig dit warm word en afkoel	(2)	(2)

(6)

4.2.2 Verduidelik watter kookplaat die BESTE kopie vir Thando sal wees as hy elektrisiteit meer doeltreffend wil gebruik. (2)

4.3 Bestudeer die inligting hieronder wat voorkom op die etikette van twee gloeilampe, wat dieselfde helderheid lig gee.

GLOEILAMP A
R12,99





LEEFTYD: 1 000 uur

GLOEILAMP B
R19,99





LEEFTYD: 6 000 uur

4.3.1 Noem die tipes gloeilampe. (2)

4.3.2 Vergelyk die twee gloeilampe wat die volgende betref:

(a) Koste (2)

(b) Energiedoeltreffendheid (4)

TOTAAL AFDELING D: 40

AFDELING E: TEORIE VAN PRODUKSIE EN ENTREPRENEURSKAP

VRAAG 5

5.1 Verduidelik elk van die volgende:

5.1.1 Entrepreneur (2)

5.1.2 Teikenmark (2)

5.2 Noem die VIER P's van die bemarkingsresep. (4)

5.3 Verduidelik hoe elk van die volgende tot voordeel van 'n besigheid sal wees:

5.3.1 Gereelde onderhoud/instandhouding van toerusting (4)

5.3.2 Goeie kliënteverhoudings (4)

5.4 Bestudeer die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

'n Entrepreneur produseer 150 produkte per week in 'n 5 dag-werksweek. Die koste van die materiaal per dag = R750. 'n 50%-winsopslag word bygereken vir wins en oorhoofse koste.

LET WEL: Punte word vir AL die berekenings toegeken.

5.4.1 Bereken die koste van die materiaal per produk. (5)

5.4.2 Bereken die verkoopprys per produk. (4)

5.5 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

Jacob en Abdul is twee jong entrepreneurs. Elkeen het met 'n besigheid begin en hulle sal dieselfde produkte verkoop. Hulle het met die beplanning van hulle besighede begin en het die volgende benaderings ten opsigte van hul onderskeie besighede gehad:	
JACOB	**ABDUL**
Hy het 'n opname gemaak en mark-navorsing gedoen. Hy het sy teikenmark en promosiestrategie bepaal. Hy ken en volg presiese spesifikasies tydens die produksie van die produkte. Veiligheid in die werkplek en die werkers se veiligheid is vir hom baie belangrik. Hy beheer die finansies goed en koop gehalte grondstowwe en belê geld in die besigheid. Hy doen steekproewe om die gehalte van die produksieproses te beheer. Hy het met 'n paar geskoolde werkers begin. Hy dink nie verdere opleiding of dienskontrakte is noodsaaklik nie.	Hy het die meeste van sy geld gebruik om grondstowwe en toerusting te koop. Hy het baie geld op die ontwerp van die verpakkingsmateriaal bestee. Die verpakking is baie aantreklik. Hy dink nie enige verdere promosie is nodig nie. Hy dink nie veiligheid of gehaltebeheer speel 'n groot rol in die besigheid nie. Hy het 'n paar jong ongeskoolde werkers aangestel. Geen dienskontrakte is geteken nie. Hy beoog om sy werknemers vir opleiding te stuur. Hy glo dat hy 'n teikenmark sal vind nadat produksie begin het.

5.5.1 Nie een van die entrepreneurs het dienskontrakte vir hul werknemers nie.

(a) Watter Wet bepaal dat elke werknemer 'n dienskontrak moet hê? (1)

(b) Noem VIER tipes verlof waarop die werknemers geregtig is. (4)

5.5.2 Analiseer en bespreek die volhoubare winsgewendheid van elke besigheid. (10)

TOTAAL AFDELING E: 40
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou

ANTWOORDBLAD

AFDELING A

SENTRUMNOMMER: | | | | | | | | |

EKSAMENNOMMER: | | | | | | | | | | | | | |

40

VRAAG 1.1					
1.1.1	A	B	C	D	(1)
1.1.2	A	B	C	D	(2)
1.1.3	A	B	C	D	(1)
1.1.4	A	B	C	D	(1)
1.1.5	A	B	C	D	(1)
1.1.6	A	B	C	D	(1)
1.1.7	A	B	C	D	(2)
1.1.8	A	B	C	D	(2)
1.1.9	A	B	C	D	(2)
1.1.10	A	B	C	D	(1)
1.1.11	A	B	C	D	(2)
1.1.12	A	B	C	D	(1)
1.1.13	A	B	C	D	(1)
1.1.14	A	B	C	D	(1)
1.1.15	A	B	C	D	(1)
					(20)

Kopiereg voorbehou

SENTRUMNOMMER: | | | | | | | | |

EKSAMENNOMMER: | | | | | | | | | | | | | |

VRAAG 1.2										
1.2.1	A	B	C	D	E	F	G	H	I	(1)
1.2.2	A	B	C	D	E	F	G	H	I	(1)
1.2.3	A	B	C	D	E	F	G	H	I	(1)
1.2.4	A	B	C	D	E	F	G	H	I	(1)
1.2.5	A	B	C	D	E	F	G	H	I	(1)
									(5)	

VRAAG 1.3											
A	B	C	D	E	F	G	H	I	J	**(5)**	

VRAAG 1.4								
A	B	C	D	E	F	G	**(3)**	

VRAAG 1.5	
1.5.1	
1.5.2	
1.5.3	
1.5.4	
1.5.5	
1.5.6	
1.5.7	
	(7)

TOTAAL AFDELING A: 40

Kopiereg voorbehou